ATKV
ATKV-tak
Windhoek

**Spesiale poësieprys: Oswald Rall Theart**

Die ATKV-tak Windhoek is opgewonde om 'n addisionele prys aan te kondig wat ook tydens die 2024 Pluimpie-toekennings toegeken sal word.

Die Oswald Rall Theart-prys vir poësie word toegeken aan die skrywer van 'n gepubliseerde bundel met kwaliteitgedigte. Hierdie prys is daarop gemik om digkuns in Namibië te bevorder en om só ook die nagedagtenis van die digter Oswald Rall Theart te eer. Die toekenning is in 2021 (vir 5 jaar) ingestel deur sy familie en bestaan uit 'n kontantprys van N$5000, asook 'n wisseltrofee en 'n klein replika vir die ontvanger.

Digters word genooi om hul werk vir oorweging in te stuur en in aanmerking te kom vir dié spesiale en eiesoortige toekenning.

Meld asseblief op die inskrywingsvorm by die kategorie indien u in aanmerking wil kom vir hierdie toekenning. Vir meer inligting oor hierdie toekenning, rig asseblief 'n skrywe aan atkv.whk@iway.na.